VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 13 - Uitgawe 39

Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

4 Desember 2015

KERSFEES 2015

Josef - deur Hans du Plessis
(Uit: *Karos orie dyne*, 2012)

Wassit nou te veel gevra
om te die vrou wat jy het,
ennie kjind wat sy in ha dra,
te hou, Josef, klong yt Nasaret?

Toe jy stilletjies beslyt
om hierielike vrou te los,
het jy altemit begryp
wat hóm dood kan kos?

En toe 'n ingel aan jou veskyn
en sê Maria moet by jou bly,
het jy toe gedink hoelike pyn
en venedering hý sou ly?

Josef, seun van Dawid, vegjeet
die spanriem van jou se vrees:
wat in háár is, en aan jou vreet,
kom net so vannie Heilage Gees.

Da sal 'n kjind yt Maria ytkom!
Wat ek jou beveel, moet jy doen,
want hý sallie hele mensedom
met hille se sondes kom vesoen.

Toe jy wakker skrik oppie bed,
en laterder byrie krip loop staan
en jy hóm Jesus doop, het
jy die boodskap tóé vestaan?

God is in die stilte...

... en na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte. (1 Kon 19:12)

Die Griekwas vertel van hul "voormense" wat dae lank 'n gemsbok se spoor kon volg sonder om te rus. Hardloop. Hardloop. Hardloop. Dag in. Dag uit. Wanneer die bok ingehardloop is, is hy doodgemaak en afgeslag. Dan het die jagter die vel gebrei en daarvan 'n skerm gemaak waarbinne hy die vleis – wat hy in klein repies gesny het – opgehang het om te droog. Daarna het hy op die duin gaan sit... sodat sy siel kon inhaal.

Die Bybel vertel ons van Elia wat geestelik en fisies aan die einde van sy kragte gekom het nadat hy vir Isebel moes vlug. Geen wonder nie dat Elia, na 'n volle dagreis ver te voet in die woestyn, onder 'n besembos gaan sit en gewens het hy sterf eerder.

Aan die begin van Desember voel ons dikwels soos Elia – uitgeput na liggaam en gees. Selfs die gedagte aan die Kersseisoen wat voorlê, is te veel vir ons. Ons is in twee geskeur. Ons smag daarna om saam met familie en vriende te kuier en die feestyd te vier, maar ons het bloot nie krag vir alles wat daarmee saamgaan nie.

Vóórdat Desember met al sy laaste aansprake op ons toesak, kan ons gerus op 'n "duin gaan sit" – dalk een hele Sondag – sodat ons siele weer kan inhaal. En ons weer helder kan begin dink. En ons prioriteite gespoor kan kry. Én sodat ons weer God se stem in die "windstilte" kan hoor. En die Kersseisoen met Sy vrede ingaan.

(Oorgeneem uit "U Woord is my Woning" – Lizette Murray)

Terwyl ek vanoggend met my stiltetyd besig is, lees ek hierdie gedeelte... en ek besef, maar dit is hoe ék voel en ek vermoed elkeen van julle deel dit met my! My Kerswens aan elke leser van *Vrypos* is dat julle ook iewers gedurende hierdie feesseisoen en vakansietyd, 'n "duin" sal vind waar julle tot rus kan kom, vrede en kalmte in julle gemoed sal ervaar en sal toelaat dat Jesus, die Koning van alle Konings, julle sal volmaak met die rus wat net by Hom te vinde is. 'n Geseënde tyd word vir julle almal toegewens, ontspan ten volle, reis veilig en kom in 2016 terug met nuwe moed en energie!

1. KERSFEES 2015 @ TORINGS!: Hulle wil hiermee almal uitnooi om weereens vanjaar te kom deel in die **jaarlikse aanbied van 'n spesiale Kersmaaltyd op Kersdag by Torings van Hoop.** Dit is weer die tyd wanneer ons gereedmaak om die koms van ons Here Jesus Christus na die wêreld te vier! Vir baie is dit 'n tyd van geluk, vreugde, feesvieringe en kwaliteittyd wat saam met geliefdes deurgebring word. Maar vir dié wat daagliks op die rand van die samelewing moet veg om oorlewing, is dit meestal 'n tyd van hartseer en verdriet..., 'n tyd waarin dit moeilik is om te verstaan dat dié God wie skynbaar só goed is vir ander, oënskynlik nie omgee vir hulle nie... Daarom het almal by **Torings van Hoop** (NG Tweetoring), saam met hulle vriende en vrywilligers, die laaste paar jaar geen moeite ontsien om diégene in nood te herinner dat Kersfees 'n tyd is wanneer ons die Verlosser vier wat een van ons vir ons geword het! (Fil 1:6-7). Hulle benodig vrywilligers, sowel as donasies, kos, ensovoorts – klik **hier** vir meer besonderhede.

2. DIE WEEK VAN GEBED 2016: Die Week van Gebed is 'n intensiewe binnekamer vir die gemeentes met die oog daarop om die jaar se aktiwiteite met 'n doelbewuste fokus en oorgawe aan God en in eenheid met broers en susters van ander denominasies aan te pak. Die gebedsbyeenkomste wil ons help om met God se dinge besig te wees op só 'n manier dat God altyd self in die sentrum staan. Oopstelling en beskikbaarstelling vir God kry daarom die klem. CLF bied die riglyne aan in die vorm van oordenkings met enkele voorstelle vir gebedsonderwerpe. Die skrywers het elkeen 'n eie inpak tot die riglyne. Daarmee wil hulle verskeidenheid invoer vir gebruik by die ses geleenthede. Hulle gebed is dat die Here die gemeentes en breër kerklike werksaamhede in 2016 sal gebruik om die koninkryk van die hemel ook op die aarde te laat kom. Die inligting hiervoor is nou beskikbaar op CLF se webwerf by **http://www.clf.co.za/**. Indien jy dit per e-pos wil ontvang, stuur gerus jou versoek aan **amanda@clf.co.za**.

3. TEOLOGIESE DAG 2016:

Datum: Maandag 1 Februarie 2016

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Tema: *Wie is Jesus vir ons vandag in 'n wêreld met baie stemme?*
Liturg: Prof Fanie Snyman
Sprekers: Dr Elna Mouton & prof Stefan Joubert
Plek: UV-Kampus
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D77695, u naam en e-posadres na 31029

4. TOT SIENS: Die Sinodale Kantoor neem op 11 Desember van twee personeellede afskeid. Mev Marinda Pienaar wat onder andere met die Mooigenoeg-besprekings gemoeid was, gaan met vervroegde pensioen en verhuis na die mooie Kaap en mnr Elliot Nogabe tree af ná 40 jaar diens by die NG Kerk Vrystaat. *Ons beste wense vergesel hierdie twee kollegas, mag dit met julle baie goed gaan in hierdie nuwe fase van julle lewens – mag God se hand van liefde en sorg altyd oor julle wees.*

5. BEROEPENUUS:

Emeritusleraar, ds SF (Fanus) Coetzee is as **Tentmakerleraar** na die **NG Gemeente Witteberge, Bethlehem beroep** – hy word **DV op Sondag 6 Desember 2015 bevestig**.

Dr (CF) Christo) Herbst van die NG Gemeente Warmbad (Noordelike Sinode), het die **beroep na die NG Gemeente Trompsburg aanvaar** en sal gedurende **Januarie 2016 as leraar bevestig** word.

Die seën van die Here word vir hierdie twee bedienaars van die Woord toegebid, mag dit vir u elkeen 'n geseënde ervaring in u nuwe bedieningsveld wees.

6. VAKATURE:

LERAAR (VASTETERMYN, KONTRAK): Daar bestaan 'n vakature vir hierdie pos by die **NG Gemeente Oranjeville** (Sinode Vrystaat). Klik **hier** vir meer besonderhede – **die sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 13 Januarie 2016.**

7. BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF: In hierdie laaste nuusbrief van die jaar, is die fokus op die laaste uitgawe van *Kerkbode* (4 Desember). Bybel-Media Handel wil graag vóór Kersfees vir almal só goed moontlik bedien. **Hulle winkel (en**

e-winkel), asook bestel-afdeling is oor die Kerstyd vanaf 23 Desember 2015 tot 3 Januarie 2016 gesluit. Klik **hier** vir die nuusbrief.

8. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, tydens die vakansie, asook tot en met die week wat *Vrypos* weer verskyn, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

10 Desember:
Ds Laurie Naudé - MEYERHOF - 056 515 3478, 082 378 2322, laurienaude@telkomsa.net
11 Desember:
Ds Lindo Pieters - BOSHOF - 053 541 0222, 083 562 8983, 0798880151@vodamail.co.za
Mnr Hennie de Lange - SINODALE KERKKANTOOR - 051406 6710 (k), 082 771 3547, hdl@ngkvs.co.za
12 Desember:
Ds Hennie Pistorius - LANGENHOVENPARK - 076 176 4530, hgpistorius@webmail.co.za
15 Desember:
Dr Charles Mitchell - HEUWELKRUIN - 051 436 4769, 079 895 3911, cmitchell@ngheuwelkruin.org.za
Ds Gert Victor - HARRISMITH - 058 622 1703, 082 459 2134, gdvictor@telkomsa.net
Ds Nico van der Walt - HEUWELSIG - 083 256 2014, dsnico@ngkerkheuwelsig.co.za
21 Desember:
Ds Cobus Hamman - BAINSVLEI - 082 399 5288, hamman@schoolink.co.za
25 Desember:
Ds Ferdie Zwiegelaar - JAGERSFONTEIN - 083 305 8559, ferdie.zwiegelaar@gmail.com
29 Desember:
Dr Andries Hoffman - NGKA (Vennote in Getuienis) - 051 436 1098, 072 435 8959, amhoffman@absamail.co.za
1 Januarie:
Ds Hannes Haggard - HENNENMAN-OOS - 057 573 1542, 082 681 0463, haggardh@telkomsa.net
Ds Mias van Jaarsveld - BETHLEHEM-WES - 072 901 8484, miasvj@gmail.com
5 Januarie:
Ds Basie Fourie - LUCKHOFF - 053 206 0021, 083 310 0811, fouriebasie@gmail.com
7 Januarie:
Ds Hans Griesel - KOPPIES - 056 777 1003, 082 578 1221, hans.griesel@vodamail.co.za
9 Januarie:
Ds Craig Saltzmann - SASOL-VIER ANKERS - 016 976 8029, 082 828 1659, craigasalzmann@gmail.com
Ds Piet Taljaard - ARLINGTON - 058 453 0039, 079 495 7573, taljaardpiet@gmail.com
10 Januarie:
Dr Gideon van der Watt - Sinodale Kerkkantoor (Vennote in Getuienis) - 051 406 6728 (k) 082 780 8038, missio@ngkvs.co.za
13 Januarie:
Ds Jan Botha - SASOLBURG-SENTRAAL - 016 976 7945, 082 777 7520, jadel2@telkomsa.net

9. TEN SLOTTE: Ek wens vir ieder en elk 'n Ierse Nuwejaarswens toe:

And I said to the man who stood at the gate of the year:
Give me a light that I may tread safely into the unknown.
And he replied: Go out into the darkness and put your hand into the hand of God.
That shall be to you better than light, and safer than a known way.
(Minnie L Haskins)

Mag 2016 mooi met julle elkeen werk, mag jou hand nooit God se hand los nie,
want sonder Hom is ons tot niks in staat nie!

Seënwense, tot ons DV weer op 15 Januarie 2016 met mekaar gesels...

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier (dit sal 'n fout wees!)

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

KERSMAALTYD BY TORINGS VAN HOOP: Hulle benodig heelwat vrywilligers wat bereid sou wees om (1) die ete vooraf voor te berei, sowel as (2) hulp met die bediening van die maaltyd op Kersdag (verlede jaar het hulle 380 etes bedien!). Of jy sou die projek ook kon ondersteun deur 'n finansiële bydrae daarvoor te maak, of om selfs te help met van die voedsel wat hulle vir Kersdag sal nodig hê. Hulle benodig dringend:

Stowe vleis (50 kg)
Aartappels (30 kg)
Wortels (15 kg)
Kaas (30 kg)
Pampoen (30 kg)
Uie (10 kg)
Olie (20 liter)
Rys (10 kg)
Spinasie (15 kg)
Tamaties (100)
Koeldrank (60 liter)
Sop poeiers
Speserye
10x 5 liter vanilla roomys
Verskeidenheid van lekkers (vir 400 pakkies)
400 polistereen glase
400 polistereen borde
400 plastiek messe, vurke, lepels
Deodorante, handwasseep, waslappe, toiletpapier vir 400 geskenkpakkies

Indien jy op enige moontlike wyse hulp kan verleen, kontak asseblief vir Neels Meyer (076 930 2046/ neels@towersofhope.org / 051 430 4274), of vir Kirna Hellmuth (079 885 3205/kirna@towersofhope.org)

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - LERAAR (VASTETERMYN, KONTRAK), NG GEMEENTE ORANJEVILLE:

Hiermee word die pos vir 'n vastetermynleraar van die gemeente te Oranjeville bekend gestel.

GEMEENTEPROFIEL: Die NG Kerk Oranjeville is 'n plattelandse gemeente in die Vrystaat, ongeveer 65km vanaf die Vaaldriehoek. Die gemeente bestaan uit 200 belydende lidmate en 30 dooplidmate, waarvan 50% bó die ouderdom van 60 jaar is en waarvan 58% van die lidmate op plase woon.

LERAARSPROFIEL: Die Kerkraad en die gemeente nooi gelegitimeerde persone in die NG Kerk (verkieslik tussen die ouderdomme van 35-65), wat dinamies en geesvervuld is en wat minstens aan die volgende voldoen:

- 'n Toegewyde gelowige wat die Here liefhet en dien en geroepe is vir 'n bediening in 'n plattelandse gemeente.

- Leiereienskappe besit met goeie menseverhoudinge wat na lidmate op alle sosiale vlakke en ouderdomme kan uitreik.
- ‘n Passievolle en pligsgetroue prediker wat eredienste lei as ‘n verrykende ontmoeting tussen God en die gemeente op ‘n ontspanne en informele wyse.
- Geroepe is vir bediening in ‘n plattelandse gemeente.

PLIGTE: Pligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde kan verrig.

VERGOEDING:

- ‘n Totale koste van indiensneming (TKVI) van R250 000 per jaar op ‘n kontrakbasis, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.
- Behuising word ook ingesluit in die vorm van ‘n ruim en keurige pastorie.
- Reistoelaag sal onderhandel word.

AANSOEKE: Kandidate word versoek om om ‘n CV, nie langer as drie bladsye met twee referente en kontakbesonderhede, aan te stuur. Getuigskrifte sal aangevra word indien nodig. Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n preekbeurt en/of onderhoud.

PER E-POS ASSEBLIEF: **ngkoranjeville@vodamail.co.za**

SLUITINGSDATUM: 13 JANUARIE 2016

DIENSAANVAARDING: Soos gereël by ooreenkoms.

NAVRAE EN BESONDERHEDE: Leierouderling Hennie Davel, 082 800 2225

DIE KERKRAAD BEHOU HOM DIE REG VOOR OM GEEN AANSTELLING TE MAAK NIE.

TERUG NA INHOUD

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF:

Lees in laaste Kerkbode van 2015: Kerkbode van 4 Desember stel al die nuwe proponente uit Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria voor. Daar is ook interessante verhale van wyn wat help om kinders te versorg; van ’n aangrypende ontmoeting tydens ’n pelgrimstog en van ’n sendeling wat ná sy tagtigste verjaardag nog ’n kerk in Mosambiek help bou het. Lees ook oor die konferensie oor selfdegeslagverhoudinge wat in Stellenbosch gehou is, oor die Wes-Transvaalse sinode se standpunte oor die saak en oor die kerkregtelike kwessies wat voortvloei uit die appèlle teen die besluit van die Algemene Sinode.

Geseënde Kerstyd en ‘n Baie Groot Dankie!

Die Kersboodskap het ‘n wonderlike invloed op elkeen van ons. Ons hoor dit dalk vir die soveelste keer. Dit laat ons elke jaar diep nadink; dit help ons om te sing en dit help ons om te doen (te gee). Dankie aan elkeen wat op een of ander manier gehelp het om produk-inligting aan gemeentes en indiwidue deur te gee. Vir die ondersteuning wat Bybel-Media in 2015 van gemeentes, lidmate, predikante, vriende en medewerkers ontvang het is ons baie, baie dankbaar. Mag elkeen die Kerstyd geleentheid kry om genoegsaam te rus. Net om die draai lê 2016 met vele verrassings.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.org.za**, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

TERUG NA INHOUD